



Daglig, naglig

Die trui is elegant vir vroegdag of laataand.

Dit word met plat breilint gebrei en met
kralewerk versier. Die trui het 'n besondere tekstuur
en is 'n uitdaging om te brei

LINTTRUI

Benodigdhede

Pingouin Prestige Ribbon (25 g-bolle)

19(20;22) bolle Bourgogne (kleurnr. 15)

een paar elk 3,75 mm-Ne en 4,00 mm-Ne stekehouer, een naald, swart dubbelkatoengare sowat 500 klein ronde swart krale (grootte 8/0) sowat 75(85;95) druppelvormige swart krale (1 cm lank)

Afkortings op bl. 76

Mate

om borsmaat van 82-87(92-97;102-107) cm lossies te pas

ware grootte borsmaat 100(110;120) cm

ruglengte - 75(76;79) cm

moulengte 53(55;57) cm

Spanning

22 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,00 mm-Ne.

Riffelsteek:

1e (RK-) ry: *r1, aw2, r1, aw2, r1; herhaal van * tot einde.

2e (VK-) ry: *aw1, r2, aw1, r2, aw1*; herhaal van * tot *. Dié 2 rye vorm rif-pat.

Let wel: Die rif-boordjies word aangebrey na voltooiing van pante en moue. Die moue is ekstra lank.

Patroonsteek

Koussteek en rif.

Agterpant

Gebruik 4,00 mm-Ne en stel 110(122;134) ste op, brei 77(78;79) cm ks – 214(218;221) rye.

Halsvorming: Plaas middelste 48(50;52) ste op 'n stekehouer en brei elke kant afsonderlik. Heg aan halsrand in vlg 3 rye telkens 1 st af – 28(33;38) ste bly oor, by 218(222;225) rye. Heg af.

Voorpant

Gebruik 4,00 mm-Ne en stel 110(122;134) ste op, brei 48(49;50) cm ks – 134(137;140) rye.

Halsvorming: Heg middelste 2 ste af en voltooi elke kant afsonderlik. Vermin 1 st aan halsrand in alternatiewelik elke 2e en 4e ry tot 28(33;38) ste oorbly. Brei tot VP so lank soos AP tot skouer is en heg af - 218(222;225) rye. Voltooi tweede kant op dieselfde manier.

Moue (2)

Gebruik 4,00 mm-Ne en stel 55(59;61) ste op, brei 15 rye ks sonder vermeer. Vermeer daarna 1 st aan weersk van elke 4e ry, 29 keer altesaam – 113(117;119) ste. Brei reguit tot mou 50(52;54) cm – 140(146;151) rye – lank is. Heg af.

Afwerking

Mouboordjies: Gebruik 3,75 mm-Ne en met RK voor, tel 53(57;59) ste op en brei 9 rye rif, heg af.

Werk krale vas met RK na voor. Werk 1 klein glaskraal in elke 3e r van rif, elke 2e ry. Werk skouernate toe, werk moukoppe vas. Werk sy-en mounate toe.

Halsboordjie: Met RK voor, beg by middel van V-hals, gebruik 3,75 mm-Ne en tel sowat 210 ste op. Let daarop dat die halsboordjie-punte oorkruis.

Vlg ry: Draai nou in ander rigting, dws verkeerde kant en brei 13 rye rif. Heg af. Werk die punte oorkruis vas.

Middelboord: Met VK voor, vou sowat 5 rye na binne om 'n soom te vorm en glipsteek losweg vas. Met RK voor, werk krale aan.

Werk gare aan soomrand vas. Plaas 3 ronde kraletjies, 1 druppel, 3 ronde kraletjies op die naald en trek deur tot vas teen soomrand. Gaan so voort tot die kralerand voltooi is. □

● Patroon ontwerp en gebrey deur Ilonka Haylett

